# Government Gazette
# Staatskoerant

REPUBLIC OF SOUTH AFRICA
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

Vol. 583 Cape Town, Kaapstad, 16 January 2014 **No. 37239**


## THE PRESIDENCY

No. 17 16 January 2014

It is hereby notified that the President has assented to the following Act, which is hereby published for general information:—

**Act No. 48 of 2013: South African Weather Service Amendment Act, 2013**

## DIE PRESIDENSIE

No. 17 16 Januarie 2014

Hierby word bekend gemaak dat die President sy goedkeuring geheg het aan die onderstaande Wet wat hierby ter algemene inligting gepubliseer word:—

**Wet No 48 van 2013: Wysigingswet op die Suid-Afrikaanse Weerdiens, 2013**


9 771682 584003 37239



**AIDS HELPLINE: 0800-0123-22 Prevention is the cure**

**GENERAL EXPLANATORY NOTE:**

**[ ]** Words in bold type in square brackets indicate omissions from existing enactments.

Words underlined with a solid line indicate insertions in existing enactments.

*(English text signed by the President)*
*(Assented to 14 January 2014)*

# ACT

**To amend the South African Weather Service Act, 2001, so as to substitute and insert certain definitions; to provide the Minister with policy determination and supervisory powers; to extend the powers, functions and objectives of the Weather Service so as to provide the Weather Service with a legal mandate to provide ambient air quality services and to act as custodian of the South African Air Quality Information System; to provide for the appointment and removal of the Chief Executive Officer; to align the Act with the Public Finance Management Act, 1999, by providing for the Board to be the accounting authority for the Weather Service; to delete certain obsolete provisions; to provide for the limitation of liability of the Weather Service; to provide for offences and penalties; to amend the Schedules to the Act; and to provide for matters connected therewith.**

BE IT ENACTED by the Parliament of the Republic of South Africa, as follows:—

**Amendment of section 1 of Act 8 of 2001**

**1.** Section 1 of the South African Weather Service Act, 2001 (Act No. 8 of 2001) (hereinafter referred to as the principal Act), is hereby amended—

*(a)* by the deletion of the Roman numerals preceding each definition;

*(b)* by the insertion before the definition of ''advisory services'' of the following definition:

'' **'advisory alert'** means an alert raising awareness up to five days in advance to either expected large-scale potential disruptive weather systems that could later lead to specific watches or warnings with time, or to less urgent alerts of uncommon conditions;'';

*(c)* by the substitution for the definition of ''advisory services'' of the following definition:

'' **'advisory services'** means any climatological advice or advice on ambient air quality, and includes advice on weather outlooks, weather forecasts, **[and]** severe weather warnings, ambient air quality information services, ambient air quality forecasts and ambient air quality warnings;'';

**ALGEMENE VERDUIDELIKENDE NOTA:**

**[ ]** Woorde in vet druk tussen vierkantige hake dui skrappings uit bestaande verordenings aan.

Woorde met 'n volstreep daaronder dui invoegings in bestaande verordenings aan.

*(Engelse teks deur die President geteken)*
*(Goedgekeur op 14 Januarie 2014)*

# WET

**Tot wysiging van die Wet op die Suid-Afrikaanse Weerdiens, 2001, ten einde sekere omskrywings te vervang en in te voeg; die Minister te voorsien van beleids-bepalingsbevoegdhede en toesighoudende bevoegdhede; die bevoegdhede, werksaamhede en oogmerke van die Weerdiens uit te brei ten einde die Weerdiens van 'n regsopdrag te voorsien om omringendeluggehalte-dienste te lewer en as bewaarder van die Suid-Afrikaanse Luggehalte-inligtingstelsel op te tree; voorsiening te maak vir die aanstelling en ontheffing van die Hoof- Uitvoerende Beampte; die Wet in ooreenstemming te bring met die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999, deur voorsiening te maak vir die Raad om die rekenpligtige gesag van die Weerdiens te wees; sekere uitgediende bepalings te skrap; voorsiening te maak vir die beperking van aanspreeklikheid van die Weerdiens; voorsiening te maak vir misdrywe en strawwe; die Bylaes tot die Wet te wysig; en voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.**

DAAR WORD BEPAAL deur die Parlement van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:—

**Wysiging van artikel 1 van Wet 8 van 2001**

**1.** Artikel 1 van die Wet op die Suid-Afrikaanse Weerdiens, 2001 (Wet No. 8 van 2001) (hierna die Hoofwet genoem), word hierby gewysig—

*(a)* deur die Romeinse syfers voor die omskrywings te skrap;

*(b)* deur die vervanging van die omskrywing van "adviesdienste" deur die volgende omskrywing:

" **'adviesdienste'** enige klimatologiese advies of advies oor omringende luggehalte, met inbegrip van advies oor weervooruitsigte, weervoorspellings **[en weerwaarskuwings]**, waarskuwings oor swaar weer, inligtingsdienste oor omringende luggehalte, omringendeluggehalte-voorspellings en omringendeluggehalte-waarskuwings;";

*(c)* deur na die omskrywing van "adviesdienste" die volgende omskrywing in te voeg:

" **'adviserende waarskuwing'** 'n waarskuwing wat bewustheid skep tot en met vyf dae voor die verwagte grootskaalse potensieel ontwrigtende weerstelsels wat later tot bepaalde wake of waarskuwings met die tyd kan lei, of tot minder dringende waarskuwings van ongewone toestande;";

*(d)* by the insertion after the definition of ''advisory services'' of the following definitions:

'' **'Air Quality Act'** means the National Environmental Management: Air Quality Act, 2004 (Act No. 39 of 2004);

**'ambient air'** has the meaning assigned to it in section 1 of the Air Quality Act;

**'ambient air quality forecast'** means a prediction or estimation of ambient air quality at some time in the future using recognised air quality forecasting techniques or methodologies;

**'ambient air quality information'** means information regarding ambient air quality generated by—

(i) the NAAQMN in terms of this Act and the Air Quality Act; or

(ii) a private entity's ambient monitoring station that feeds into the SAAQIS in terms of a memorandum of understanding;

**'ambient air quality warning'** means an alert of exceedance or forecast exceedance of ambient air quality standards established in terms of the Air Quality Act;'';

*(e)* by the substitution for the definition of ''Chief Executive Officer'' of the following definition:

'' **'Chief Executive Officer'** means the Chief Executive Officer appointed in terms of section 13(1) **[and includes the interim Chief Executive Officer contemplated in section 18(6)]**;'';

*(f)* by the insertion after the definition of ''Minister'' of the following definitions:

'' **'NAAQMN'** means the National Ambient Air Quality Monitoring Network that provides ambient air quality information to the SAAQIS and consists of a network of government-owned ambient air quality monitoring stations located around the country;

**'national framework'** means the national framework established in terms of section 7(1) of the Air Quality Act;

**'prescribe'** means prescribe by regulation;'';

*(g)* by the insertion after the definition of ''regulations'' of the following definitions:

'' **'SAAQIS'** means the South African Air Quality Information System, and refers to the electronic information management system established in accordance with the national framework established in terms of section 7(1) of the Air Quality Act;

**'severe weather'** means an extreme meteorological event or phenomenon, which represents a real hazard to human life or property and has the potential to cause damage, serious social disruption, loss of human life, or economic loss;

**'severe weather warning'** means an alert issued by the Weather Service with regard to severe weather which includes an advisory, watch or warning alert;''; and

*(h)* by the insertion after the definition of ''specialised service'' of the following definitions:

'' **'warning alert'** means an alert calling for action due to a very high certainty of a severe weather hazard that is already occurring or imminent within 24 hours and that could lead to disruptive and disastrous conditions;

**'watch alert'** means an alert calling for preparedness to weather hazards that most likely will occur within one to three days and that could lead to disruptive and disastrous conditions;''.

*(d)* deur die volgende omskrywing na die omskrywing van ''dienste in die openbare belang'' in te voeg:

" **'gereedheidswaarskuwing'** 'n waarskuwing wat gereedheid vereis vir weergevare wat heel waarskynlik binne een tot drie dae gaan voorkom en wat tot ontwrigtende en rampspoedige omstandighede kan lei;'';

*(f)* deur die omskrywing van ''Hoof- Uitvoerende Beampte'' deur die volgende omskrywing te vervang:

" **'Hoof- Uitvoerende Beampte'** die Hoof- Uitvoerende Beampte ingevolge artikel 13(1) aangestel**[, met inbegrip van die tussentydse Hoof- Uitvoerende Beampte in artikel 18(6) beoog]**;'';

*(g)* deur die volgende omskrywing na die omskrywing van ''Komitee'' in te voeg:

" **'Luggehaltewet'** die 'National Environmental Management: Air Quality Act, 2004' (Wet No. 39 van 2004);'';

*(h)* deur die volgende omskrywings na die omskrywing van ''Minister'' in te voeg:

" **'NAAQMN'** die 'National Ambient Air Quality Monitoring Network' wat inligting oor omringende luggehalte aan die SAAQIS verskaf en wat bestaan uit 'n netwerk van omringendeluggehalte-moniteringstasies in staatsbesit wat regoor die land geleë is;

**'nasionale raamwerk'** die nasionale raamwerk ingevolge artikel 7(1) van die Luggehaltewet ingestel;

**'omringende lug'** dit wat in artikel 1 van die Luggehaltewet daaraan toegeskryf word;

**'omringendeluggehalte-inligting'** inligting aangaande omringende luggehalte gegenereer deur—

(i) die NAAQMN ingevolge hierdie Wet en die Luggehaltewet; of

(ii) 'n private entiteit se stasie vir monitering van omringende lug wat data in die SAAQIS invoer, ingevolge 'n akte van verstandhouding;

**'omringendeluggehalte-voorspelling'** 'n voorspelling of skatting van omringende luggehalte op 'n tydstip in die toekoms deur die gebruik van erkende luggehalte-voorspellingstegnieke en -tegnologieë;

**'omringendeluggehalte-waarskuwing'** 'n waarskuwing van oorskryding of voorspelde oorskryding van standaarde vir omringende luggehalte ingevolge die Luggehaltewet ingestel;'';

*(i)* deur die volgende omskrywing na die omskrywing van ''Reguleringskomitee'' in te voeg:

" **'SAAQIS'** die Suid-Afrikaanse Luggehalte-inligtingstelsel, en verwys na die elektroniese inligtingbestuurstelsel wat ooreenkomstig die nasionale raamwerk, soos ingestel ingevolge artikel 7(1) van die Luggehaltewet, ingestel is;''; en

*(k)* deur die volgende omskrywings na die omskrywing van ''spesialisdienste'' in te voeg:

" **'uiterste weer'** 'n uiterste meteorologiese gebeurtenis of fenomeen, wat 'n wesenlike gevaar vir menselewens of eiendom inhou en potensieel skade, ernstige maatskaplike ontwrigting, verlies aan menselewens of ekonomiese verliese kan veroorsaak;

**'uitersteweer-waarskuwing'** 'n waarskuwing deur die Weerdiens uitgereik aangaande uiterste weer, met inbegrip van 'n adviserende en gereedheidswaarskuwing;

**'voorskryf'** by regulasie voorgeskryf;

**'waarskuwingsalarm'** 'n alarm wat optrede vereis weens 'n baie hoë sekerheid van uitersteweer-gevaar wat reeds voorkom of binne 24 uur gaan voorkom en wat tot ontwrigtende en rampspoedige toestande kan lei;''.

**Insertion of sections 2A and 2B in Act 8 of 2001**

**2.** The following sections are hereby inserted in the principal Act, after section 2:

"**Determination of policy**

**2A.** (1) The Minister must, after consultation with the Board, determine and publish the policy within which the Weather Service must exercise its powers and perform its functions.

(2) The Minister may, after consultation with the Board, amend, substitute or withdraw the policy determined in terms of subsection (1), and must publish the amended policy.

(3) The Minister must, 30 days before the final publication of a policy contemplated in subsections (1) and (2), table the policy in Parliament.

(4) The Minister must, within six months after the commencement of the South African Weather Service Amendment Act, 2013, table the existing policies in Parliament.

**Minister's supervisory powers**

**2B.** (1) The Weather Service must exercise its powers and perform its functions subject to the policy determined in terms of section 2A(1), the norms and standards contemplated in subsection (2)*(b)* and any directives issued by the Minister in terms of subsection (2)*(c)*.

(2) The Minister—

*(a)* must monitor the exercise of powers and performance of the functions of the Weather Service against the policy determined in terms of section 2A(1);

*(b)* may set norms and standards for the Weather Service to exercise its powers and perform its functions; or

*(c)* must issue directives to the Weather Service on non-compliance with the policy determined in terms of section 2A(1) or the norms and standards issued in terms of subsection (2)*(b)*, to ensure the effective and efficient functioning of the Weather Service,

for the achievement of the objectives of this Act.".

**Amendment of section 3 of Act 8 of 2001**

**3.** Section 3 of the principal Act is hereby amended—

*(a)* by the substitution for paragraph *(a)* of the following paragraph:
"*(a)* to maintain, extend and improve the quality of meteorological **[service]** and ambient air quality-related information services for the benefit of all South Africans;";

*(b)* by the substitution for paragraphs *(c)* and *(d)* of the following paragraphs, respectively:
"*(c)* to ensure the ongoing collection of meteorological and ambient air quality data over South Africa and surrounding southern oceans for the use by current and future generations;
*(d)* to be the long-term custodian of a reliable national climatological and ambient air quality record;";

*(c)* by the deletion of the word "and" at the end of paragraph *(g)*;

*(d)* by the substitution for paragraph *(h)* of the following paragraph:
"*(h)* to fulfill such other weather-related or ambient air quality information international obligations as the Minister may direct**[.]**; and"; and

*(e)* by the addition of the following paragraph:
"*(i)* to be the custodian of the SAAQIS.".

**Invoeging van artikels 2A en 2B in Wet 8 van 2001**

**2.** Die volgende artikels word hierby na artikel 2 in die Hoofwet ingevoeg:

"**Bepaling van beleid**

**2A.** (1) Die Minister moet, na oorleg met die Raad, die beleid waarvolgens die Weerdiens sy bevoegdhede moet uitvoer en sy pligte moet verrig, bepaal en publiseer.

(2) Die Minister kan, na oorleg met die Raad, die beleid wat ingevolge subartikel (1) bepaal is, wysig, vervang of intrek, en moet die gewysigde beleid publiseer.

(3) Die Minister moet, 30 dae voor die finale publikasie van 'n beleid in subartikels (1) en (2) beoog, die beleid in die Parlement ter tafel lê.

(4) Die Minister moet, binne ses maande na die inwerkingtreding van die Wysigingswet op die Suid-Afrikaanse Weerdiens, 2013, die bestaande beleid in die Parlement ter tafel lê.

**Minister se toesighoudende bevoegdhede**

**2B.** (1) Die Weerdiens moet sy bevoegdhede uitoefen en sy werksaamhede verrig behoudens die beleid ingevolge artikel 2A(1) bepaal, die norme en standaarde in subartikel (2)*(b)* beoog en enige lasgewings deur die Minister ingevolge subartikel (2)*(c)* uitgereik.

(2) Die Minister—

*(a)* moet die uitoefening van bevoegdhede en verrigting van die werksaamhede van die Weerdiens moniteer teenoor die beleid ingevolge artikel 2A(1) bepaal;

*(b)* kan norme en standaarde vir die Weerdiens daarstel om sy bevoegdhede uit te voer en sy werksaamhede te verrig; of

*(c)* moet lasgewings aan die Weerdiens uitreik oor nienakoming van die beleid ingevolge artikel 2A(1) bepaal of die norme en standaarde ingevolge subartikel (2)*(b)* uitgereik, om die doeltreffende en effektiewe funksionering van die Weerdiens te verseker,

vir die bereiking van die oogmerke van hierdie Wet.".

**Wysiging van artikel 3 van Wet 8 van 2001**

**3.** Artikel 3 van die Hoofwet word hierby gewysig—

*(a)* deur paragraaf *(a)* deur die volgende paragraaf te vervang:

"*(a)* om die kwaliteit van weerkundige **[dienste]** en inligtingsdienste rakende omringende luggehalte tot voordeel van alle Suid-Afrikaners te onderhou, uit te brei en te verbeter;";

*(b)* deur paragrawe *(c)* en *(d)* onderskeidelik deur die volgende paragrawe te vervang:

"*(c)* om die voortgesette versameling van weerkundige **[data]** en omringendeluggehalte-data oor Suid-Afrika en die omringende suidelike oseane vir die gebruik deur huidige en toekomstige geslagte te verseker;

*(d)* om die langtermynbewaarder van 'n betroubare nasionale klimaatrekord en omringendeluggehalte-rekord te wees;";

*(c)* deur paragraaf *(g)* deur die volgende paragraaf te vervang:

"*(g)* om die ander **[weerverwante]** weer- of omringendeluggehalte-inligtingsverwante internasionale verpligtinge wat die Minister gelas, na te kom; **[en]**";

*(d)* deur die woord "en" aan die einde van paragraaf *(h)* in te voeg; en

*(e)* deur die volgende paragraaf by te voeg:

"*(i)* om bewaarder van die SAAQIS te wees.".

**Amendment of section 4 of Act 8 of 2001**

**4.** Section 4 of the principal Act is hereby amended—

*(a)* by the insertion in subsection (1) of the following paragraphs, after paragraph *(a)*:

"*(a*A*)* provide such ambient air quality information services as is necessary to achieve the objectives of the Air Quality Act;

*(a*B*)* collect ambient air quality data over the Republic of South Africa;

*(a*C*)* act as the custodian of the SAAQIS;

*(a*D*)* manage, operate, maintain and develop NAAQMN;"; and

*(b)* by the addition of the following subsections:

"(5) The Weather Service may issue ambient air quality forecasts.

(6) The Weather Service may issue ambient air quality warnings.

(7) Before issuing ambient air quality warnings the Weather Service must—

*(a)* inform the Minister;

*(b)* provide the Minister with all relevant information pertaining to the ambient air quality warning; and

*(c)* afford the Minister a reasonable opportunity to consult with relevant Ministers or any other stakeholder whose area of responsibility may be affected by the ambient air quality warning.".

**Amendment of section 5 of Act 8 of 2001**

**5.** Section 5 of the principal Act is hereby amended by the insertion in subsection (2) after subparagraph (i) of paragraph *(b)* of the following subparagraph:

"(iA) air quality management;".

**Amendment of section 6 of Act 8 of 2001**

**6.** Section 6 of the principal Act is hereby amended—

*(a)* by the substitution for the words preceding paragraph *(a)* of the following words:

"The Board must within the policy determined by the Minister in terms of section 2A(1) and in compliance with any norms and standards issued in terms of section 2B*(b)* and any directive issued in terms of section 2B*(c)*—";

*(b)* by the substitution for paragraphs *(c)* of the following paragraph:

"*(c)* set operational policy, standards, and objectives **[within the framework issued by the Minister]** and ensure that the executive management implements these policies, standards and objectives;"; and

*(c)* by the substitution for paragraph *(h)* of the following paragraph:

"*(h)* subject to the departmental human resources and transformation framework, set policy for recruitment, training and transformation of the Weather Service;".

**Substitution of section 13 of Act 8 of 2001**

**7.** The following section is hereby substituted for section 13 of the principal Act:

"**Chief Executive Officer**

**13.** (1) The members of the Board contemplated in section 5(1)*(b)* and *(c)*, acting with the concurrence of the Minister, must appoint a person as the Chief Executive Officer in accordance with the process set out in subsections (2), (3), (4) and (5).

(2) The Chief Executive Officer must be appointed—

*(a)* for a term or terms not exceeding five years; and

*(b)* on each occasion in terms of the process set out in subsections (3), (4) and (5).

**Wysiging van artikel 4 van Wet 8 van 2001**

**4.** Artikel 4 van die Hoofwet word hierby gewysig—

*(a)* deur die volgende paragrawe na paragraaf *(a)* in subartikel (1) in te voeg:

"*(a*A*)* sodanige omringendeluggehalte-inligtingsdienste verstrek wat nodig is om die oogmerke van die Luggehaltewet te bereik;

*(a*B*)* omringendeluggehalte-data oor die Republiek van Suid-Afrika versamel;

*(a*C*)* as die bewaarder van die SAAQIS optree;

*(a*D*)* NAAQMN bestuur, bedryf, in stand hou en ontwikkel;"; en

*(b)* deur die volgende subartikels by te voeg:

"(5) Die Weerdiens kan omringendeluggehalte-voorspellings uitreik.

(6) Die Weerdiens kan omringendeluggehalte-waarskuwings uitreik.

(7) Voor die uitreiking van omringendeluggehalte-waarskuwings, moet die Weerdiens—

*(a)* die Minister inlig;

*(b)* die Minister voorsien van alle tersaaklike inligting aangaande die omringendeluggehalte-waarskuwing; en

*(c)* die Minister 'n redelike geleentheid bied om met betrokke Ministers oorleg te pleeg, of met enige ander belanghebbende wie se gebied van verantwoordelikheid geraak kan word deur die omringendeluggehalte-waarskuwing.".

**Wysiging van artikel 5 van Wet 8 van 2001**

**5.** Artikel 5 van die Hoofwet word hierby gewysig deur na subparagraaf (i) van paragraaf *(b)* in subartikel (2) die volgende subparagraaf in te voeg:

"(iA) luggehaltebestuur;".

**Wysiging van artikel 6 van Wet 8 van 2001**

**6.** Artikel 6 van die Hoofwet word hierby gewysig—

*(a)* deur die woorde wat paragraaf *(a)* voorafgaan deur die volgende woorde te vervang:

"Die Raad moet binne die beleid ingevolge artikel 2A(1) deur die Minister bepaal en in voldoening aan enige norme en standaarde ingevolge artikel 2B*(b)* uitgereik en enige lasgewing ingevolge artikel 2B*(c)* uitgereik—";

*(b)* deur paragraaf *(c)* deur die volgende paragraaf te vervang:

"*(c)* operasionele beleid, standaarde en doelwitte stel **[binne die raamwerk soos uitgereik deur die Minister]** en verseker dat die uitvoerende bestuur hierdie beleid, standaarde en doelwitte implementeer;"; en

*(c)* deur paragraaf *(h)* deur die volgende paragraaf te vervang:

"*(h)* behoudens die departementele raamwerk aangaande mensehulpbronne en transformasie, beleid stel vir werwing, opleiding en transformasie van die Weerdiens;".

**Vervanging van artikel 13 van Wet 8 van 2001**

**7.** Artikel 13 van die Hoofwet word hierby deur die volgende artikel vervang:

"**Hoof- Uitvoerende beampte**

**13.** (1) Die lede van die Raad in artikel 5(1)*(b)* en *(c)*, beoog, wat met die instemming van die Minister optree, moet 'n persoon as die Hoof-Uitvoerende Beampte aanstel ooreenkomstig die proses in subartikels (2), (3), (4) en (5) uiteengesit.

(2) Die Hoof- Uitvoerende Beampte moet—

*(a)* vir 'n termyn van hoogstens vyf jaar; en

*(b)* elke keer ingevolge die proses in subartikels (3), (4) en (5), uiteengesit,

aangestel word.

(3) The appointment of the Chief Executive Officer must be made after following a transparent and competitive selection process, which must include an invitation of applications for the post contemplated in subsection (1) by publishing advertisements in the media circulating nationally.

(4) The Board must consider the appointment of the Chief Executive Officer after following the prescribed recruitment and selection process.

(5) A person appointed in terms of subsection (2) must be a fit and proper person with appropriate qualifications and experience to perform the functions of a Chief Executive Officer.

(6) The Chief Executive Officer is employed subject to such terms and conditions of employment as the Board may determine with the concurrence of the Minister.

(7) The Chief Executive Officer must be paid such remuneration and allowances as the Minister, with the concurrence of the Minister of Finance, may determine.

(8) The Board must enter into an annual performance agreement with the Chief Executive Officer within three months of his or her employment and thereafter, at the beginning of each financial year.

(9) The Chief Executive Officer is accountable to the Board.

(10) The Chief Executive Officer is responsible for—

*(a)* the management of the Weather Service;

*(b)* ensuring the exercise of the powers and performance of the functions of the Weather Service; and

*(c)* reporting to the Board on aspects of management, the exercise of the powers and performance of the functions of the Weather Service.

(11) When there is a vacancy in the office of the Chief Executive Officer, if the Chief Executive Officer is absent or unable to perform his or her duties, the Chairperson of the Board may, with the concurrence of the members of the Board and the Minister, appoint another employee of the Weather Service to act as the Chief Executive Officer.

(12) The acting Chief Executive Officer has all the powers and may perform all the functions of the Chief Executive Officer.''.

**Insertion of section 13A in Act 8 of 2001**

**8.** The following section is hereby inserted in the principal Act after section 13:

''**Removal of Chief Executive Officer from office**

**13A.** (1) The Chief Executive Officer vacates his or her office—

*(a)* when he or she dies;

*(b)* in the case of resignation, on the date the resignation takes effect;

*(c)* on expiry of the term of his or her contract of employment; or

*(d)* upon having been removed from office in terms of subsection (2).

(2) Subject to subsections (6), (7), (8) and (9), the Board, in concurrence with the Minister, may remove the Chief Executive Officer from office in terms of subsection (1)*(d)*—

*(a)* for misconduct;

*(b)* for failing to perform the functions connected with that office or to exercise the powers and to perform the functions adequately, diligently and efficiently;

*(c)* if, because of any physical or mental illness or disability, the holder of that office has become incapable of performing or efficiently exercising the powers or performing the functions connected with that office;

*(d)* where an irreparable breakdown in the working relationship between the Board and the Chief Executive Officer has occurred;

*(e)* for being absent from duty or Board meetings, without the leave of the Board or for good reason.

(3) Die aanstelling van die Hoof- Uitvoerende Beampte moet gedoen word nadat 'n deursigtige en mededingende keuringsproses gevolg is, wat 'n uitnodiging vir aansoeke vir die pos beoog in subartikel (1) moet insluit deur advertensies in media wat nasionaal sirkuleer, te publiseer.

(4) Die Raad moet die aanstelling van die Hoof- Uitvoerende Beampte oorweeg nadat die voorgeskrewe werwings- en keuringsproses gevolg is.

(5) 'n Persoon ingevolge subartikel (2) aangestel, moet 'n geskikte en gepaste persoon wees met gepaste kwalifikasies en ervaring om die werksaamhede van Hoof- Uitvoerende Beampte te verrig.

(6) Die Hoof- Uitvoerende Beampte word in diens geneem behoudens sodanige bedinge en voorwaardes van indiensneming wat die Raad met die instemming van die Minister, kan bepaal.

(7) Die Hoof- Uitvoerende Beampte moet sodanige besoldiging en toelaes ontvang wat die Minister, met die instemming van die Minister van Finansies, kan bepaal.

(8) Die Raad moet 'n jaarlikse prestasie-ooreenkoms met die Hoof-Uitvoerende Beampte aangaan binne drie maande van sy of haar indiensneming, en daarna aan die begin van elke finansiële jaar.

(9) Die Hoof- Uitvoerende Beampte is aan die Raad verantwoordbaar.

(10) Die Hoof- Uitvoerende Beampte is daarvoor verantwoordelik om—

*(a)* die Weerdiens te bestuur;

*(b)* te verseker dat die Weerdiens se bevoegdhede en werksaamhede uitgevoer en verrig word; en

*(c)* aan die Raad verslag te doen oor aspekte van bestuur en die uitoefening van bevoegdhede en verrigting van werksaamhede van die Weerdiens.

(11) Wanneer daar 'n vakature in die kantoor van die Hoof- Uitvoerende Beampte is, indien die Hoof- Uitvoerende Beampte afwesig is of sy of haar pligte nie kan verrig nie, kan die Voorsitter van die Raad, met die instemming van die lede van die Raad en die Minister, 'n ander werknemer van die Weerdiens aanstel om as Hoof- Uitvoerende Beampte waar te neem.

(12) Die waarnemende Hoof- Uitvoerende Beampte het al die bevoegdhede en kan al die werksaamhede van die Hoof- Uitvoerende Beampte verrig.''.

**Invoeging van artikel 13A in Wet 8 van 2001**

**8.** Die volgende artikel word hierby na artikel 13 in die Hoofwet ingevoeg:

''**Ontheffing van amp van Hoof- Uitvoerende Beampte**

**13A.** (1) Die Hoof- Uitvoerende Beampte ontruim sy of haar amp—

*(a)* wanneer hy of sy tot sterwe kom;

*(b)* in die geval van bedanking, op die datum waarop die bedanking van krag word;

*(c)* by verstryking van die termyn van sy of haar dienskontrak;

*(d)* by ontheffing van die amp ingevolge subartikel (2).

(2) Behoudens subartikels (6), (7), (8) en (9), kan die Raad, in oorleg met die Minister, die Hoof- Uitvoerende Beampte ingevolge subartikel (1)*(d)* van die amp onthef—

*(a)* vir wangedrag;

*(b)* vir versuim om die werksaamhede en bevoegdhede wat met daardie amp gepaard gaan, voldoende, nougeset en doeltreffend te verrig en uit te voer;

*(c)* indien die houer van daardie amp, weens enige fisieke of geestes-ongesteldheid, onbekwaam geword het om die bevoegdhede uit te voer of die werksaamhede te verrig wat met daardie amp gepaard gaan;

*(d)* waar die werkverhouding tussen die Raad en die Hoof- Uitvoerende Beampte onherstelbaar verbrokkel het;

*(e)* vir afwesigheid van diens of Raadsvergaderings, sonder die toestemming van die Raad of met goeie rede.

(3) If the Board for any reason needs to have any allegation or allegations levelled at the Chief Executive Officer investigated, or if the Minister requests an investigation of any matter relating to the Chief Executive Officer, the Board must request the Minister to institute a preliminary investigation.

(4) If the preliminary investigation outcome indicates any of the grounds of removal in subsection (2)*(a)*, *(b)*, *(d)* or *(e)*, the Minister must, within 60 days, proceed with the independent investigation contemplated in subsection (9).

(5) If the preliminary investigation outcome does not indicate the grounds of removal in subsection (2)*(a)*, *(b)*, *(d)* or *(e)* but a lesser transgression, the Board must deal with the allegation or allegations in accordance with its internal disciplinary code.

(6) The Chief Executive Officer may be removed from office for the reasons mentioned in subsections (2)*(a)*, *(b)*, *(d)* and *(e)* if the Board is satisfied that removal from office is justified in the circumstances and only—

*(a)* on a finding to that effect by the Board after disciplinary proceedings contemplated in subsection (13) have been concluded;

*(b)* on the adoption by the Board of a resolution calling for the Chief Executive Officer's removal from office; and

*(c)* if the Minister concurs with the finding of the Board; or

*(d)* in the event that the Minister does not concur with the findings of the Board, but is of the view that some other good cause found during the investigation contemplated in terms of this section justifies the removal of the Chief Executive Officer, the Chief Executive Officer may be removed from office on such good cause shown if the Board concurs with the Minister.

(7) The Chief Executive Officer may be removed from office in the case of subsection (2)*(c)*, if the Board is satisfied that removal from office is justified in the circumstances based on the report and recommendation of a medical practitioner with the necessary expertise.

